LIBERTY

Own your life

# Vroue en geld

Erica Stuart: Kleinhandel Beleggingsbemarking by Stanlib

Hoekom is daar so baie boeke oor vroue en geld? Wat is so anders aan vroue en finansies wat veroorsaak het dat dit die onderwerp van 'n hele onderafdeling van persoonlike finansies word?

Die rol van vroue as moeders en versorgers in die samelewing, verander hul verhouding tot geld fundamenteel.

## Werkende moeders aanvaar 'n laer inkomste

Hoewel besoldigingsgapings tussen mans en vroue reeds heelwat verklein het, is die vergoedingsgaping tussen moeders en mans steeds baie groot.

- Die loopbane van vroue is geneig om op die agtergrond te skuif sodra kinders deel van die prentjie word. Werkende moeders boet vir die persepsie dat hulle dan nie meer toegewyd is aan hul loopbane nie.
- 'n Meningsopname deur die onderneming Regus, 'n verskaffer van oplossings vir werkruimtes, het gewys dat slegs 31% van ondernemings in Suid-Afrika van voorneme is om werkende ma's aan te stel. Werkgewers is veral bekommerd oor die buigsaamheid van werkende ma's en die risiko dat hulle verlof sal neem om hul gesinne te vergroot.
- Selfs wanneer moeders 'n werksaanbod ontvang, is dit vir hulle soms van meer belang om te weet of die maatskappy 'n crèche het en wat die kraamverlofbeleid is, as watter finansiële geleenthede gebied word. Vroue is geneig om dankbaar te wees teenoor ondernemings met 'n buigsamer benadering tot werkstyd en hulle is bereid om inkomste ten gunste daarvan in te boet.

## Werkende moeders het minder geleentheid om te spaar

**Aftreestatistieke toon dat vroue in aftrede beduidend swakker daaraan toe is as mans.**
Vroue het eintlik meer geld vir aftrede nodig as mans, omdat hulle geneig is om langer te leef. Ironies genoeg verdien vroue nie net minder nie, maar hulle spaar ook minder. Dit lei daartoe dat vroue in hul aftrede baie meer finansieel kwesbaar is as mans.

- Moeders sal dikwels hul werkverpligtinge verminder of selfs tydelik hul poste verlaat, wat beteken dat hulle op die ou end uiteraard minder tot hul aftreefondse bydra.
- Ma's is meer geneig om van hul aftreespaargeld te onttrek om voorsiening te maak vir tyd wat hulle tuis saam met hul kinders deurbring.

## Die Aspoestertjie-kompleks

**Vroue moet hul finansies baie meer ernstig opneem as mans en moet meer spaar.**
Trouens, vroue behoort in beheer van huishoudelike finansies te wees omdat dit hulle die meeste raak.

Tog is daar steeds baie vroue wat op hul lewensmaats staatmaak om voorsiening te maak vir hul aftrede en finansiële sekuriteit. Dit spruit uit 'n onbewuste behoefte om versorg te word, wat deur die Amerikaanse sielkundige Colette Dowling as die Aspoestertjie-kompleks beskryf word.

Hoewel baie vroue glo hulle is sogenaamd ‘bevry’, klou sommige steeds aan die geloof dat ‘n ridder op ‘n wit perd sal opdaag om hulle te kom red. Ongelukkig is dit so ver van die werklikheid verwyder as wat kan kom. Soos baie vroue reeds ontdek het, is mans nie eintlik beter bestuurders van geld as vroue nie. Talle geskeide vroue sit uiteindelik byvoorbeeld met veel minder as die helfte van die bates, maar moet die grootste deel van die verantwoordelikheid vir die versorging van hul kinders dra terwyl ‘n loopbaan weer aan die gang gekry moet word.

Tog het navorsing wat deur die ‘CFA Institute’ in die VSA gedoen is, bevind dat beleggingsklubs wat deur vroue bestuur word, gemiddeld meer suksesvol is as dié wat deur mans bedryf word. Dit word toegeskryf aan die feit dat vroue meer tyd aan besluitneming bestee, nie huiwer om hulp te vra nie en hul beleggings langer hou.

## Moenie langer ‘n Aspoestertjie wees nie – koop jou eie skoene!

**Leer om slim te onderhandel en moenie te maklik bes gee nie**
Mans het vertroue in hul vaardighede en weet wat hulle bydra tot die organisasie waarvoor hulle werk. Vroue is te haastig om verskoning te vra en staan terug wanneer hulle hul in moeilike besprekings oor geld en selfwaarde bevind. Onthou: hoe meer ondervinding en vaardighede jy het, hoe meer bemagtig sal jy wees. Die feit dat jy miskien meer buigsaamheid nodig het, beteken geensins dat jy nie die werk gedoen sal kry nie.

**Indien moederskap vir jou ‘n werklikheid is, beplan daarvoor**
Maak terwyl jy in jou 20’s is seker dat jy maksimaal voorsiening maak vir jou aftrede sodat, wanneer jy verlof neem om met ‘n gesin te begin, jy kan bekostig om minder by te dra sonder om jou aftrede te benadeel.

Wanneer julle besluit om met ‘n gesin te begin, moet jy en jou lewensmaat die finansiële implikasies daarvan bespreek en seker maak dat die finansiële laste eweredig versprei word.

Indien jy verlof neem by die werk, maak seker dat jy risikobeskerming het. As jy ongeskik vir werk, of ernstig siek sou raak, sal jou gesin hulp nodig hê.

As jy vir ‘n lang tyd weg van die werk gaan wees, moet jy in jou vaardighede belê sodat jy nie agterraak nie.

**Maak vir jou ‘n afsonderlike bankrekening oop** vir jou salaris, al deel jy en jou lewensmaat ‘n huishoudelike rekening. As jou maat die primêre rekeninghouer is, sal die gesamentlike rekening én jou salaris gevries word in geval van sy dood.

*Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.*